29 Maart 2011

AANSTELLING VAN NUWE REDAKTEUR VIR *KERKBODE*

Die Algemene Sinodale Taakspan vir Kommunikasie en Media (ATKM) van die NG Kerk het vanoggend by sy vergadering besluit om **Me Adri-Louise van Renen** aan te stel as redakteur van *Kerkbode* met ingang 1 April 2011. Me van Renen is tans ook redakteur van die Christelike gesinstydskrif *LIG* wat onder die top 40 is van 149 nasionale tydskrifte wie se verspreidingsgetalle geoudit word.

Met die aanstelling van me Van Renen word ook geskiedenis gemaak. Sy is die eerste vroulike redakteur in die 162 jaar van *Kerkbode* se bestaan, asook die eerste redakteur wat nie 'n predikant is nie.

Kerkbode, wat beskou word as een van die beste kerkkoerante in die gereformeerde wêreld, sal onder me Van Renen van krag tot krag gaan en in 'n toenemende mate sy plek in die lewe van lidmate van die NG Kerk én ander kerke vol staan as *vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense.*

Navrae kan gerig word aan ds Bobbie Scherrer, voorsitter van die ATKM. Sy kontaknommer is 083 290 0075.



Dr Kobus Gerber
Algemene Sekretaris / General Secretary
Nederduitse Gereformeerde Kerk / Dutch Reformed Church
Posbus 13528 ✉ PO Box 13528
Hatfield, 0028 Hatfield, South Africa, 0028